
# PRENTJIEMOOI



DIAGRAM

SLEUTEL TOT DIAGRAM

1 – 7928
2 – 7996
3 – 7861
4 – 7301
5 – 7404
6 – 7400
7 – 7322
8 – 7597
9 – 7598
10 – 7369
11 – wit






DIAGRAM A Gobelin-steensteek

Horisontale langsteek



Vertikale langsteek



## PRENTJIEMOOI

**BENODIGDHEDE:** *50 cm wit gaas van 70 cm breed en met 13 gaatjies per 2,5 cm; DMC-tapisseriewol in skakerings van grys, groen, blou en wit, nl. 9 stringe kleur-nr. 7928 (1 op diagram); 6 stringe 7598 (9); 4 stringe 7597 (8); 3 stringe elk 7322 (7), 7301 (4), 7861 (3), 7400 (6) en wit (11); 2 stringe elk 7996 (2), 7404 (5) en 7369 (10); ruitjiespapier (ruitjies van 2,5 x 2,5 cm); onuitwisbare potlood; tapisserienaald; tapisserieraam.*

**MATE:** *Ongeraam : 46 x 33 cm.*

**AANWYSINGS:** Vergroot ontwerp op diagram met behulp van ruitjiespapier tot ware grootte. Trek buitelyne ekstra duidelik.

Plaas gaas bo-op vergrote ontwerp; sorg dat gaas alkante uitsteek. Die ontwerp sal duidelik deur die gaas sigbaar wees. Gebruik bogenoemde potlood om ontwerp op gaas af te trek.

Trek gaas oor tapisserieraam en maak stewig vas.

Die prentjie word hoofsaaklik met vertikale langsteek geborduur. Die linkerrivieroewer en bome word met horisontale langsteek geborduur en die rivier en weerkaatsings met gobelin-steensteek.

Volg kleursleutel en begin met borduurwerk. Gebruik eers die donkerder wol, want ligte wol word gou vuil.

Anker die wol met 2 of 3 kort stekies en verberg hulle met langsteek. Borduur teen 'n eweredige spanning – los steke sal 'n lussieoppervlakte oplewer en steke wat te styf is, laat die gaas plooi.


Die rivier word met gobelin-steensteek en skakering 3701 geborduur en die weerkaatsings wat A gemerk is, met 2 skakerings, 7301 en 7598, wat op die alternatiewe lyne gebruik word (kyk op diagram **A**).

Borduur gobelin-steensteek oor vier drade, en van bo na onder. Waar gobelinsteensteek en langsteek bymekaarkom, moet jy met kort stekies invul.

Borduurwol kinkel soms; indien dit te erg word, moet jy die naald regsom draai; maar wanneer die draad begin splyt, moet jy die naald linksom draai.

Wanneer 'n werkdraad byna opgebruik is, moet jy die naald aan die agterkant onder 'n paar voltooide steke deurtrek, om die werkdraad netjies weg te werk.

Wanneer die ontwerp voltooi is, kan jy die gaas van die raamwerk verwyder en die prent laat raam. ●



*Borduur 'n skilderagtige natuurtoneel. Dis 'n heerlike tydverdryf vir die vakansie of vir daardie lang, luilekker somerdae. Lang, reguit steke en duidelike aanwysings . . . jy sal die prentjie lag-lag voltooi*